

Skriflesing: Mark 16:1-20

Tema: Jesus leef en ons met Hom!

Die opstanding van Jesus is die hoogtepunt van sy aardse bediening en die hoofokus van ons getuie. Hy het gekom om die straf op ons sonde te dra en ons dood te oorwin!
Die opstanding is die finale bevestiging dat Hy die Seun van God en ons Verlosser is.

Sonder die opstanding was daar nie 'n Nuwe Testament nie. Ons was nie kerk nie en ons sou nie gedeel het in die Ewige Lewe nie.

Sonder die opstanding noem Paulus ons die bejammerenswaardigste van alle mense. In 1 Korintiërs 15:17-20 skryf Hy: ¹⁷“En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes. ¹⁸Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore. ¹⁹As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

²⁰Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.”

As Christus nie opgestaan het nie, sou ons net kon praat oor nog 'n besondere iemand wat dood is. Dit sou miskien vir 'n week of twee nuus gewees het, maar sou vinnig ou nuus word.

Maar wat 'n hoogtepunt moes wees, het vinnig in 'n teleurstelling ontaard. Want in die hele verhaal van Jesus se opstanding wat ons vanoggend gelees het is feitlik almal se reaksie dat hulle: “nie geglo het nie.” Wat 'n antiklimaks moes dit nie vir Jesus gewees het nie!
Hoe reageer jy op Jesus se opstanding? Hoe verander dit jou?

Die feit dat Jesus daardie Sondagmôre sou opstaan, is nie nuwe nuus nie! Jesus het meer as een keer vir sy volgelinge gesê dat Hy uit die dood sal opstaan. (Markus 8:31, 9:31, 10:34)
En nie net **dat** Hy sal opstaan nie, maar ook **wanneer** Hy sal opstaan!

Die vroue gaan eerste graf toe. Sien raak die groot rol wat vroue by die opstanding en as getuies van die opstanding speel. Nie langer is hulle onderdane nie. Hulle is manne se bypassende maats soos wat God se wil van die begin af was.

Die vroue gaan graf toe met net net een vraag: “wie gaan die klip wegrol?”

As hulle by die graf kom is die klip weggerol, nie vir Jesus om uit te kom nie, maar vir mense om in te kom.

Die vroue gaan soek 'n lyk en, in plaas daarvan, kry hul 'n engel wat sy opstanding bevestig. Hulle skrik so groot dat hulle bewe, weggehardloop en vir niemand anders iets daarvan sê nie. Hulle was bang.

Uiteindelik is Maria Magdalena die eerste getuie van Jesus se opstanding. Sy vertel aan die dissipels wat oor Hom treur en huil van sy opstanding:

- maar hulle het haar **nie geglo nie!**

Toe verskyn Jesus self aan, wat ons vermoed die Emmausgangers is, en dié twee vertel dit vir die dissipels:

- hulle het weer **nie geglo het nie.**

Later verskyn Jesus aan die 11 dissipels en hulle vertel dit vir Tomas wat nie daar was nie en wat sê Tomas?

- Johannes 20:25 “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek **nooit glo nie.**”

Na Jesus se opstanding sit Hy met ’n kerngroep getuies wat nie glo dat Hy lewe nie! Waarom glo hulle nie? Hy het dan gesê dit gaan gebeur.

Thomas verwoord waarskynlik dit wat almal eintlik wil sê en dit is: “sien is glo.”

Die dissipels wil eers sien voor hul glo.

Die Emmausgangers het Hom gesien, maar na sy gesprek met hulle het hulle Hom eers herken toe Hy kom kuier en brood breek. Toe het hulle geglo.

Hoe maklik of moeilik is dit vir jou om te glo dat Hy leef? Ons hoor die Paasfeesklokke lui. Die simboliese Christuskers is aangesteek. Ons het reeds gejuig oor Hy ons dood oorwin en uit die graf gegaan het. Ons het die opgestane Here geëer.

Ons bely dat ons glo in Jesus Christus, wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Maar vir baie van ons is sien ook glo. En ons sukkel om die opstanding te sien wanneer ons in ons eie moeilikheid, hartseer en bekommernis vaskyk. Ons kyk na die donkerwolke van geweld, misdaad, korrupsie, werkloosheid en honger en die komende verkiesing wat oor ons land hang en dit is moeilik om te glo dat die Here leef.

Ook ek en jy sukkel om opgewonde te raak. Ons trap net soos die vroue, die dissipels en Tomas dikwels klei met die opstanding.

Ons weet ’n klomp goed wat God gesê het en wat Hy alles belowe het, maar wanneer die tekkie die teer slaan, ervaar almal van ons hierdie sukkel-om-te-glo momente.

Maar die evangelie van die opgestane Jesus kan nie eindig by ’n graf, bang mense en nie glo nie! Hoe hanteer Jesus sukkel-om-te-glo mense?

Jesus spreek die dissipels aan. Ons lees in Mark 16:14: “Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwytd oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.”

Jesus is teleurgesteld dat die dissipels nie Hom en ook nie die getuienis van ander mense geglo het nie.

Maar tog vertrou Hy die opstandingsboodskap en -getuienis aan hulle toe. Een wat vol bouse geeste was, hulle wat bewe van skrik, treur en huil en in ongeloof verstengel is, is sy eerste getuies. Hy beveel hulle: “Staan op, want Ek het opgestaan! Gaan uit, want Ek het uit die graf gegaan!”

Mense soos ons moet aan al die mense die goeie nuus gaan vertel. Almal moet hoor van en deel in sy opstanding, oorwinning en Ewige Lewe. En Jesus het met sy dissipels saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur wondertekens.

God het nie die geloofwaardigheid van die opstanding aan die engele toevertrou om oor te vertel nie. Hy gee hierdie taak aan gewone mense, sukkel-om-te-glo mense, mense soos ek en jy.

Jesus het opgestaan! Wanneer ons dit glo, staan ons ook op en kan ons nie anders as om dankbaar met woord en daad te getuig: "Jesus leef en ons met Hom!"

Amen